die bak om die vlakte voor te stel. Ligkleurige gruis word ook hier benodig om die grasvlakte voor te stel. Dit skep die gevoel van 'n eensame Bosveldlandskap met baie ruimte en stilte. Die Olea europaea africana (Olienhout) en die Schotia brachypetala (Huilboerboon) werk goed hier omdat dit maklik 'n ronde kroon vorm.



Die eensame Bosveldlandskap kan ook gedoen word met een groot rots met 'n Wildevy of Huilboerboon net langs die rots aan die ruimte kant van die lang houer geplaas en redelik glad afgewerk. Hou dit baie eenvoudig. As dit reg gedoen is sal die sonbesies met verbeelding gehoor kan word.



Soms stap 'n mens langs 'n riviertjie in die Bosveld en dan verdwyn die stroompie skielik agter 'n krans of 'n koppie. Hierdie landskap kan baie goed weergegee word in Bonsai. Die Ficus natalensis se wortels kruip langs die krans af en net langs hom is die Ficus ingens (Rooiblaarvy). Bo op die wal word 'n paar Wit Olienhoutbome (Buddleja saligna) of 'n Witstinkhoutboom (Celtis africana) waargeneem, almal goeie kandidate vir die landskappie.

In hierdie landskap kan mildelik gebruik gemaak word van klippe, verskillende kleure gruis, grassies, vetplantjies en mos. Die stroompie word voorgestel asof dit na jou toe kom, daarom is dit in die verte smal en aan jou voete wyer. Dit is ook baie effektief om dit in die verte met 'n rots of 'n koppietjie af te eindig sodat dit lyk asof die stroompie daaragter verdwyn.